NUUSBRIEF

September 2017

Goeie dag

Wonderlik om weer met jou te kan gesels.

Hier gaan dit maar haastig en aan die gang, ons vat net so hier en daar grond.

Dit is vir ons heerlik om sommer net weer bietjie besig te wees.

Daar was die afgelope tyd vyf leerlinge in `n sweiswerk klas, waarvan twee vrouens is. Hulle het begin as leke en kan almal nou redelike goeie sweis werk doen.

Allen het begin deur hulle te leer om reguit te saag, fyl en met elektriese slypers te werk en dan het hulle ook geleer om van 2mm metaal tot 12 mm metaal te sweis, hulle maak elkeen `n boublok vorm as projek. Die boublok "mold" kan hulle huistoe vat na gradeerig en daarmee boublokke maak en so dit verkoop om vir hulle self werk en inkomste te skep.

Ook is daar vir drie weke bak klasse, die vrouens het geleer om muffens, skons, koek en brood te bak. hulle het die vorige week begin met hekel klasse, en die projek is om `n hoedjie te hekel.

Ek is nie hierdie keer betrokke by die klasse nie, maar het gordyne gemaak vir die Dorms en ook al die sitkamerstelle wat aandag nodig gehad het se kussings ooretrek en `n klompie matras beskermers gemaak.

Hier het `n mini of dalk eerder `n maksie tornado deur gegaan die vorige naweek en bietjie skade aangerig aan die geboue. Een van die hout huisies is om gewaar en beskadig, almal op die terrain spartel nou om alles terug en op plek te kry. Die wind het intussen weer erg begin waai vandag en bid saam met ons dat daar nie nog skade sal kom nie, ons het hierdie naweek `n groep van 80 mense wat hier kom kamp.
Met ons persoonlik aan dit goed, ons voertuig het ons in die laaste twee maande so drie keer in die steek gelaat, want die sleutel het `n "koil" aan die binnekant en die draatjie bly afbreek, en dan gebeur daar niks op die voertuig nie dit bly mors dood, ons sal noodedwone binnekort `n nuwe sleutel moet kry en dit is `n bietjie baie duur. Ons het ook nou `n lawaai aan die linkerkantste voorwiel en Allen kan nie sien waar le die probleem nie. Maar afgesien van die karre ding gaan dit eintlik goed met ons. Ons bid nog oor Vietnam, Ons het nog geen duidelikeid daaroor nie, die geleenteid is daar, maar ons wil liewer reg en van die Here af hoor. Intussen is en gaan ons nog `n rukkie hier by Crusade for Crist Mission betrokke wees. Die Norweian Settlers Curch (Noordwee se kerk) hier in ons omewing is baie sterk en op die grond betrokke in die gemeenskap met uitreike, noodhulp en opleiding.
Hulle het `n projek met die naam Genesis wat die sending been is en al die uitreiek en opleiding hanteer , en het my genader en gevra of ek nie daar by hulle wil betrokke raak en in 2018 om naaldwerk klasse aan te bied nie. Wat natuurlik vir my `n eer sal wees en dalk sal ook Allen daar betrokke raak met die opleiding van die mense, hulle doen dit op `n soortgelyke manier as CFC net op `n baie groter en meer gevorderde stadium met geakredeteerde sertifikate. Jy kan dalk na hulle projekte kyk by http://www.genesishope.co.za/

Ons bid nou oor beide die sake en sal die Here volg in die besluit. Bid saam met ons dat ons duidelikeid sal kry. Ons het nou wel `n huis in die dorp gekoop en ja wil raag daar gaan woon, maar wil ook steeds betrokke bly in sending, want ons glo as mens `n roeping op jou lewe het gaan dit nooit weg nie en ons kan steeds vir die Here werk al is ons nie voltyds betrokke nie. Maar ook is die moontlikeid daar dat ons wel voltyds betrokke kan wees, alles in leiding van die Here. Die Noordwee se kerk is ook nader aan ons huis gelee.

En gesondheids gewys gaan dit nie aldag so goed nie, Allen is bietjie grieperig en sy rug en ook nou sy regter arm pla bietjie, bid asseblief saam met ons dat hy vinnig sy verkoue gevoel sal afskud, hy gaan saam met ons stuur gemeente op die Mosambiek uitreik en kan nie bekostig om met `n af gestel daar op te daag nie, veral nie omdat hy so maklik vatbaar is vir Malaria nie.
Bid ook vir sy beskerming op die pad wanneer hy dan die pad aandur f hierdiekomende Vrydag Witbank toe en dan ook vir die groep en die uiteik na Mosambiek in volgende week. Ek gaan nie hierdie jaar die uitreik saam bywoon nie.
Groete in Christus
Allen en Ansie